

# ST. STEFANUS

26 DESEMBER

(1ste eeu)

Hierdie eerste martelaar van die Christelike geloof was waarskynlik 'n Griekssprekende Jood uit die Diaspora. Hy was een van die eerste sewe diakens wat deur die Apostels gekies is om hulle veral op die barmhartigheidsdiens toe te spits. Hy was duidelik 'n vurige en begaafde prediker van die Evangelie en in staat om harte vir die Here Jesus te wen. Dit wil voorkom asof dit sy populariteit was en die groeiende gewildheid van die nuwe Christelike geloof wat die skare teen hom opgesweep het. Hy is gestenig en sterf net soos sy Here deur sy gees aan God oor te gee. In die 5de eeu het die keiserin Eudoxia 'n kerk tot sy eer buitekant die Damaskuspoort van Jerusalem opgerig.

